

NASIONALE TESOURIE

NO. R. 1234

07 OKTOBER 2016

**BETALING VAN BEDRAE VIR DOELEINDES VAN DIE WET OP MILITÊRE
PENSIOENE, 1976 (WET 84 VAN 1976)**

1. Die Minister van Finansies het kragtens die bepalings van artikels 1 en 5 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet 84 van 1976), saamgelees met artikel 3 (2) van die Wet, met ingang van 1 April 2016—
 - (a) vir die doeleindes van formule I, soos omskryf in artikel 1 van vermelde Wet, faktor A van bedoelde formule I, 'n bedrag voorstel—
 - (i) die toepaslike bedrag volgens die Bylae; of
 - (ii) die bedrag soos deur die Direkteur-generaal bepaal tot 'n minimum van **R 73 291.56** na gelang van watter een van sodanige bedrae vir die lid die voordeligste is;
 - (b) vir die doeleindes van formule II, soos omskryf in artikel 1 van vermelde Wet, faktor C van bedoelde formule die bedrag van **R12 165.96** voorgestel; en
 - (c) die gratifikasie betaalbaar aan 'n lid wat ly aan 'n pensioengewende ongeskiktheid wat ingevolge vermelde Wet op 10 persent of minder vasgestel is, bedra **R 8 112.00**;
 - (d) die gratifikasie betaalbaar aan 'n lid wat ly aan 'n pensioengewende ongeskiktheid wat ingevolge vermelde Wet op meer as 10 persent en minder as 20 persent vasgestel is, bedra **R 16 221.00**
2. Alle lede wat in besit van 'n driejarige baccalaureusgraad of 'n matrikulasie sertifikaat is en wat onmiddellik voor 1 April 1998 'n bedrag bedoel in paragraaf 1 (a) van Goewermentskennisgewing No. R.1280 van 3 Oktober 1997 ontvang het, moet 'n bedrag soos uiteengesit in die Bylae ontvang.
3. Goewermentskennisgewing **No. R 614 of 6 November 2015** word hierby herroep.

Pravin Gordhan, (LP)
Minister van Finansies

SCHEDULE OF ANNUAL PENSIONS

Percentage disablement	Basic pension	Matriculation certificate	Three- year bachelor's degree
100	73 291.56	76 243.20	85 554.48
90	65 962.20	68 619.00	76 998.84
80	58 633.68	60 994.92	68 444.04
70	51 303.96	53 370.24	59 888.16
60	43 975.08	45 746.28	51 333.00
50	36 646.20	38 122.08	42 777.84
40	29 316.60	30 497.16	34 221.72
30	21 987.60	22 873.08	25 666.20
20	14 658.12	15 248.52	17 110.80